

DRIE ENGELE - DRIE BOODSKAPPE



Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die Here kom, want hy is naby!- Joël 2:1.

INLEIDING

In die laaste boek van die Bybel, Openbaring, vind ons 'n reeks profesieë wat vir ons baie omtrent die geskiedenis, ons tyd en van die onmiddellike toekoms vertel. Daar vind ons ook drie heeltemal unieke boodskappe wat vir vandag hoogs relevant is en waaraan ons baie noukeurig aandag moet gee. Hierdie drie boodskappe word deur engele gegee. Die Griekse woord vir "engel" is "angelon" wat boodskapper beteken. Die drie engele is 'n simbool van manne en vroue wat in harmonie met God se wil werk en wat met al hulle krag die "goeie boodskap wat vir ewig van krag bly" aan die wêreld verkondig.

Die drie engele wat die "drie-engele-boodschap" verkondig, verteenwoordig mense wat hulle lewens aan Christus toegewy het. Hulle sal die "drie-engele-boodschap" met luide stem verkondig. Dit sal 'n helder en luide stem wees, omdat die Heilige Gees deel het daaraan. Wil jy nie ook saam met ons kom en die "drie-engele-boodschap" verkondig nie? Dit is nou die tyd om hierdie besluit te neem. Ons hoop jy sal jou lewe aan God se diens toewy en "die drie-engele-boodschap" in jou eie lewe en lering verkondig. Dit is die laaste, waarskuwende boodskap en 'n boodskap van genade aan 'n gevalle wêreld. Dit is 'n ernstige verantwoordelikheid wat op ons skouers rus.

Ons moet medearbeiders saam met die hemelse engele wees om die ewige evangelie aan die wêreld te verkondig. Met bykans ongeduldige gretigheid wag die engele vir ons samewerking, want die mens moet die kanaal wees om met die mens te kommunikeer. **Die verstandige leiers sal skitter met die glans van die hemel self, en die wat baie mense op die regte pad gelei het, sal vir altyd skitter soos die sterre.** - Daniël 12:3. En wanneer ons onself in heelhartige toewyding aan Christus gee, juig die engele dat hulle deur ons stemme mag spreek om Jesus se liefde vir 'n verloregeande, misleide wêreld te openbaar.

Saamgestel deur: dr. *Hans Koen*

Tel: 021 872 8756 of sel: 076 689 9246

E-pos: estellie@telkomsa.net

DIE BOODSKAP VAN DIE EERSTE ENGEL



En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het. - Openbaring 14:6-7.

Die eerste engel kondig aan dat die uur van God se oordeel gekom het en mense wekroep om die lewende God te aanbid. Die Skepper God wat die hemel en die aarde gemaak het. Slegs die Skepper is ons aanbidding waardig. Christus, as ons groot Hoëpriester, is besig om Sy finale werk as middelaar vir die mense in die hemelse Heiligdom te doen. Binnekort, niemand weet hoe gou nie, sal hierdie werk beëindig word. Dan sal Christus vir Sy getroues terugkeer.

Die eerste engel versinnebeeld God se oorblyfsel Kerk wat 'n ewige evangelie aan die wêreld verkondig. Hierdie evangelie is dieselfde goeie tyding van God se oneindige liefde wat die profete en apostels van ouds verkondig het (Heb. 4:2). Die oorblyfsel hou nie 'n ander evangelie voor nie - met die oog op die oordeel herbevestig hulle die ewige evangelie, nl. dat sondaars deur geloof geregverdig kan word en die geregtigheid van Christus kan ontvang.

Natuurlik ontstaan die vraag: Wat beteken dit **gee aan Hom heerlikheid**? Die gebed van Jesus Christus kan ons help: **Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen.** - Joh. 17:4. Om God heerlikheid te gee beteken in die eerste plek om Sy wil te vervul, Sy werk te voltooi en om gehoorsaamheid en onderdanigheid aan Sy wil te toon.

Weldra sal alle mense moet kies tussen die ware en die valse aanbidding - tussen die aanbidding van God op Sy voorwaardes (geregtigheid deur die geloof), of op ons voorwaardes (geregtigheid deur werke). Deur ons te beveel om **Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het** te aanbid (Openb. 14:7; vgl. Ex. 20:11), vestig hierdie boodskap die aandag op die vierde gebod. Dit lei mense na die aanbidding van die Skepper, 'n belewenis waarby die verering van Sy gedenktag van die Skepping betrokke is - die sewende dag - Sabbat[Saterdag] van die Here, wat Hy met die Skepping ingestel en in die Tien Gebooie bevestig het. Die eerste engel se boodskap doen dus 'n beroep om die herstel van die ware aanbidding, deur Christus as Skepper en Heer van die Bybelse Sabbat [Saterdag] voor te hou. Dit is die teken van die Skepping van God - 'n teken wat deur die oorgrote meerderheid van sy geskape, menslike wesens verwaarloos word.

Die boodskap van die eerste engel begin met die verkondiging van die "ewige evangelie" binne die konteks van eindtyd gebeure. Dit is die goeie nuus van verlossing deur Christus, uitsluitlik deur God se genade bepaal. Dit word beskryf as "ewig" om sy permanente toepaslikheid en onveranderlikheid te beklemtoon. In die vroeë Christelike kerk het aanvaarding van die evangelie nie slegs geloof in Christus ingesluit nie, maar ook aanbidding van die ware God en verwerping van afgodery (Hand. 14:15; 20:24). Die oproep om God te vrees en Hom heerlikheid te gee vind plaas binne die raamwerk van die evangelie en behels Goddelike oordeel. Wanneer deur God gekonfronteer, moet mense Hom vrees deur selfvernedering en Sy soewereiniteit en heerskappy oor hulle erken. Om God te verheerlik is om Hom te verhef. Die draak [Satan] en sy handlangers moet nie deur die mensdom gevrees en verheerlik word nie.

DIE BOODSKAP VAN DIE TWEEDE ENGEL



'n Tweede engel het agter die eerste aangevlieg en uitgeroep: **Geval, geval het die grote Babilon wat al die nasies van die dwelmdrank van haar onsedelikheid laat drink het.** - Openbaring 14:8.

Van die vroegste geskiedenis af het die stad Babilon, of Babel, as simbool vir die uittarting van God gediens. Sy toring was 'n monument vir afvalligheid en 'n middelpunt van verset (Gen. 11:1-9). Lucifer (die Satan) was sy onsigbare koning (Jes. 14:4, 12-14), en dit wil voorkom asof hy Babilon die instrument wou maak vir sy meesterplan om die mensdom te regeer. Dwarsdeur die Bybel illustreer die stryd tussen die Godstad, Jerusalem, en Satan se stad, Babilon (of Babel in die Ou Testament), die botsing tussen goed en kwaad.

Die tweede engel se boodskap sal toenemend relevant word namate die einde nader. Dit sal volkome vervul word met die alliansie van verskillende godsdienstige organisasies [die Ekumeniese beweging onder leiding van die Pous] wat die eerste engel se boodskap verwerp het. Die boodskap van die val van Babilon word in Openbaring 18:2-4 herhaal, waar die algehele ondergang van Babilon aangekondig word en 'n beroep gedoen word op die kinders van God, wat hulle nog in die verskillende godsdienstige organisasies bevind wat Babilon uitmaak, om daaruit weg te kom. Die wekroep van dié engel is: **Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.** - Openb. 18:4.

Die godsdienste van ons wêreld wat dwaalleer verkondig, vorm die Babilon van Bybelprofesie. Daardie sisteme van aanbidding wat die duidelike waarhede van die Bybel eenkant toe skuif vir die tradisies en leringe van mense word as Babilon voorgestel. Tog het God trouhartige mense wat by Babilon betrokke is, omdat hulle nie van beter weet nie. Hy veroordeel hulle

nie vir wat hulle nie weet nie. Hy wekroep hulle eerder om uit Babilon te kom, sodat hulle nie deel het in haar verwoesting nie.

DIE BOODSKAP VAN DIE DERDE ENGEL



En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam.....Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die geboorte van God en die geloof van Jesus bewaar. - Openbaring 14:9,10,12.

Ons weet dat dié merk van die dier 'n merk van trou aan die afvallige magte in teenstelling met lojaliteit aan God se teken en seël is. In die derde engel se boodskap is daar nie slegs 'n waarskuwing teen die merk van die dier nie, maar ook 'n aankondiging van God se ongemengde toorn op hulle wat finaal die merk ontvang.

Die derde engel se boodskap vestig die wêreld se aandag op die gevolge van weiering om die ewige evangelie en God se boodskap aangaande die herstel van die ware aanbidding te aanvaar. Dit gee 'n treffende beskrywing van die eindresultaat van mense se keuse aangaande die godsdiens. Die keuse is nie maklik nie, want wat ook al 'n mens se keuse is, dit sal lyding meebring. Diegene wat aan God gehoorsaam is, sal hulle die woede van die draak op die hals haal (Openb. 12:17) en sal uiteindelik met die dood gedreig word (Openb. 13:15), terwyl diegene wat verkies om die dier en sy beeld te aanbid die sewe laaste plaë sal ontvang en uiteindelik in die "poel van vuur" sal beland (Openb. 20:14,15).

Elke mens sal moet kies wie hy wil aanbid. Òf die persoon sal geregtigheid deur die geloof kies namate hy deelneem aan 'n vorm van aanbidding wat God se goedkeuring wegdra, òf hy sal 'n keuse doen wat neerkom op geregtigheid deur werke namate hy deelneem aan aanbidding wat God verbied het, maar wat die dier en sy beeld beveel - 'n mensgemaakte vorm van aanbidding. God kan hierdie laasgenoemde aanbidding nie aanvaar nie, omdat dit voorkeur gee aan die gebooe van mense en nie aan dié van God nie. Dit soek regverdiging deur die werke van die mens en nie deur die geloof wat die gevolg van 'n volkome onderwerping aan God as Skepper, Verlosser en Herskepper is nie. In hierdie sin is die derde engel se boodskap dus 'n boodskap van regverdigmaking deur die geloof.

God het Sy kinders in alle kerke, maar deur die oorblyfsel Kerk verkondig Hy 'n boodskap wat Sy ware godsdiens sal herstel deur Sy kinders uit te roep uit die afvalligheid en hulle voor te berei vir die wederkoms van Christus. In die besef dat baie van God se kinders nog by hulle moet aansluit, is die oorblyfsel bewus van hul tekortkominge en swakhede in hul poging om hierdie plegtige opdrag uit te voer. Hulle besef dat dit alleen deur God se genade is, dat hulle hierdie gewigtige taak sal kan voltooi.

Die boodskap van die derde engel is 'n waarskuwing teen aanbidding van die dier, die beeld van die dier en teen die ontvangs van die merk van die dier. In sterk terme en duidelike beelde word die finale vernietiging van die bese magte aangekondig en diegene wat aan hulle lojaal is. Sewendedagadventiste het histories die merk van die dier met die eindtyd, universele afdwing van Sondag-onderhouding in die Christelike wêreld geïdentifiseer. Hulle glo nie dat Sondag-onderhouding vandag deel vorm van die merk van die dier, of dat diegene wat Sondag-onderhouers is, die merk van die dier het nie. Die volle manifestasie van Babilon sal plaasvind wanneer godsdiensleiers die siviele gesag gebruik om godsdienstige idees en praktyke af te dwing en om diegene teen te staan en selfs te vervolg wat hulle nie aan hulle oortuigings en vereistes onderwerp nie. Sewendedagadventiste besef egter dat die merk van die dier vanselfsprekend meer is as die onderhouding van Sondag. In Openbaring

13:17 word dit verder gedefinieer as die naam van die dier. 'n Naam in die Bybel is 'n uitdrukking van die karakter van sy draer; daarom, om die naam/merk van die dier te hê is om volkome met sy doel, bedoelinge en boodskap te identifiseer.

Die volk van God, aan die ander kant, sal die eindtyd seël van God op hulle voorhoofde hê (Openb. 7:3), wat verder gedefinieer word as die naam van die Lam en die naam van die Vader **op hulle voorhoofde geskryf** (14:1). Sewendedagadventiste het hierdie seël in terme van Sabbat-onderhouding gedefinieer met die erkenning terselfdertyd dat dit veel meer insluit. Om die naam van die Lam en die Vader te hê beteken nie net dat die oorblyfsel aan God behoort nie, maar ook dat hulle in hul lewens die verlossende krag van God reflekteer en stewig in hulle lojaliteit aan Hom gevestig is. Die belydenis van geloof in Christus sal tot verwerkliking kom in die volkome lojaliteit en toewyding aan Christus en Sy wet te midde van groot teenkanting van die siviele magte.

Ons kan nie gedeeltelik gehoorsaam nie. **Wanneer ons die waarheid omtrent die Bybel se Sabbat verstaan, kan ons nie die dag wat die pousdom heilig, nakom en deur God aanvaar word nie.**

Katolieke leiers het 'n duidelike begrip van wat hier betrokke is: **“Die nakoming van Sondag deur Protestante is 'n eerbetoon wat hulle, ten spyte van hulself, aan die [Katolieke] Kerk bewys.”** – Monsignor Louis Segur, *Plain Talk about the Protestantism of Today*, p. 213.

“Die Bybel sê: 'Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig hou'. Die Katolieke Kerk sê: 'Nee! Deur my goddelike krag het ek die Sabbatdag afgeskaf en beveel jou om die eerste dag van die week heilig te hou.' En, kyk! die hele beskaafde wêreld buig neer in eerbiedige gehoorsaamheid aan die gebod van die heilige Katolieke Kerk!” – Thomas Enright, *American Sentinel [Catholic]*, New York, 1 Junie 1893, p. 173.

In die lig van hierdie feite, hoe kan ons verwag dat God oor so 'n saak as die verandering van die enigste gebod wat Sy merk en seël het, moet stilbly?

God se toorn kan nie regverdiglik oor mense kom, tensy hulle gewaarsku is nie.

Deur die eeue is die Sabbat-waarheid dwarsoor die wêreld versprei. En die boodskap gaan voort. 'n Geïnspireerde skryfster het dit so duidelik gestel: "Die Sabbat sal die groot toets van lojaliteit wees, omdat dit die saak van waarheid is wat in die besonder betwis word. Wanneer die mense voor die finale toets gestel word, dan sal die onderskeidingslyn duidelik tussen hulle wat God dien en hulle wat Hom nie dien nie, getrek word. Terwyl die nakoming van die vals sabbat ooreenkomstig die wet en die staat, in stryd met die vierde gebod, 'n erkenning van die trou aan 'n mag wat in opposisie met God is, sal die nakoming van die ware Sabbat, 'n gehoorsaamheid aan God se wet, 'n bewys van die lojaliteit aan die Skepper wees. Terwyl die een groep, deur die aanvaarding van die teken van onderdanigheid aan die aardse magte, die merk van die dier ontvang, sal die ander groep, wat die teken van trou aan Goddelike gesag is, die seël van God ontvang." -*The Great Controversy*, p. 605.

Die derde engel se boodskap identifiseer diegene wat nie die merk van die dier sal ontvang nie!

Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die geboorte van God en die geloof [van] Jesus bewaar.- Openb. 14:12. NKJV

Hierdie vers is beslissend! Dit dui presies aan wie die merk van die dier sal ontvang - en wie nie!

Met verwysing na die term die geloof van Jesus sê die Sewendedagadventiste se fundamentele leerstellings dit: "God se oorblyfsel volk word gekenmerk deur 'n geloof soortgelyk aan die wat Jesus gehad het. Hulle gee Jesus se onwrikbare vertroue in God en in die gesag van die Skrif weer.... Hulle geloof omvat al die Bybelwaarhede - die wat Christus geglo en verkondig het" (*Sewendedag Adventiste Glo*, p. 172).

Die heiliges in Openb. 14:12 sal in die finale krisis standvastig bly in hulle lojaliteit aan God en Sy Woord. Soos Jesus die gebooie van God deur geloof in Hom bewaar het, so sal Sy oorblyfsel deur geloof in Jesus gehoorsaam en die geloof van Jesus bewaar, dit is, hulle sal leer wat Hy geleer het, hulle sal sê wat Hy gesê het en hulle sal doen wat Hy gedoen het; hulle sal stewig vashou aan die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is (Judas 1:3).

Hierdie toegewyde groep klou aan Jesus, hulle wonderlike Redder, vas. En, deur Sy instaatstellende genade, gehoorsaam hulle Sy Morele Wet van Tien Gebooie.

Wanneer ons Openbaring 12:17 en 14:12 lees, is dit duidelik dat as ons op Christus vertrou en **AL** die gebooie van God nakom, ons nie die merk van die dier sal ontvang nie! Ons sal die seël van God ontvang.

Moenie die land en die see en die bome tref nie. Ons moet eers die dienaars van ons God op hulle voorkoppe merk met die seël. - Openbaring 7:3.

Nadat hierdie krisis verby is, sal daar gesien word dat die Vader se naam op hulle voorkoppe geskryf is (Openb.14:1).

Aan die ander kant, as ons kies om mense eerder as God te gehoorsaam, sal ons as aanbidders van die dier en sy beeld gereken word en sal sy merk ontvang.

Hierdie enorme stryd sal uiteindelik die hele wêreld betrek.

Hierdie finale wekroep sluit die boodskap van Openbaring 18:1-3 in. Daar is ook 'n vierde engel. Hier is die eerste deel van sy boodskap: *Hierna het ek 'n ander engel uit die hemel uit sien afkom. Hy het groot gesag gehad, en die aarde is deur sy heerlikheid verlig. Hy het met 'n sterk stem uitgeroep: Geval, geval het die grote Babilon. Dit het die blyplek van die bose geeste geword, die skuilplek van alle onrein geeste, die skuilplek van alle onrein roofvoëls en die skuilplek van alle onrein en afskuwelike diere, omdat al die nasies van die dwelmdrank van haar onsedelikheid gedrink het.*

Die konings van die aarde het onsedelik met haar verkeer, en die sakemanne van die aarde het ryk geword uit haar grenselose weelde. - Openb. 18:1-3.

Daar word dikwels na hierdie engel verwys as die vierde engel, omrede sy verbondenheid aan die drie engele se boodskap. Gedurende die verkondiging van die derde engel se boodskap sal hierdie engel hom by die drie engele voeg om nuwe stukrag aan die boodskap te gee. Dit bring 'n toestand te weeg wat bekend staan as die luide geroep.

"Gedurende die luide geroep, sal die Kerk, gesteun deur die voorsienende ingryping van haar verhewe Here, die kennis van verlossing so veelvuldig versprei, dat lig na elke dorp en stad versprei sal word. Die aarde sal gevul wees met die kennis van verlossing. So ryklik sal die Gees van God die intensiewe aktiwiteite met sukses bekroon, dat die lig van teenswoordige waarheid oral sal skyn". - *Review and Herald*, 13 Okt. 1904.

Die luide geroep skyn nou verbonde te wees aan die aankondiging van die val van Babilon. Die twee aankondigings [14:9 en 18:2] word analogies [gedeeltelike ooreenkoms] met die twee reinigings van die tempel in die tyd van Christus vergelyk. Die tweede sal gegee word wanneer die storm van vervolging oor die oorblyfsel kerk losbars. Wanneer die storm van vervolging regtig oor ons breek, dan sal die boodskap van die derde engel swel tot 'n luide geroep en die aarde sal deur sy heerlikheid verlig word.

Hierdie engel van Openbaring 18 brei uit op die tweede engel se boodskap soos hy aankondig dat die sondes van Babilon selfs sondiger geword het. Dan word aan ons God se laaste wêreld gegee, net voor die genadedeur sluit:

Toe het ek 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie aan haar sondes deel kry en die plaë wat oor haar kom, julle ook tref nie. Haar sondes het tot aan die hemel opgehoop, en God het haar ongeregtheid onthou.- Openb. 18:4-5.

Let op die volgende ses dinge omtrent hierdie engel en die finale wekroep: 1. Die stem kom uit die hemel. 2. God het 'n volk wat steeds in die verwarring van moderne Babilon is. 3. Hy roep hulle om uit te kom en afgesonder te wees. 4. Hy wil nie hê Sy volk moet aan die sondes van Babilon deelneem nie. 5. Hy wil hê hulle moet aan die plaë wat op die afvallige kerk en haar dogters, wat aan haar dwaalleer vashou, ontkom. 6. Babilon se sondes reik tot aan die hemel. Haar beker van ongeregtighede is vol. Die mensdom se genadedeur is op die punt om te sluit.

Die bevel/uitnodiging om uit Babilon uit te gaan, dui aan dat baie van die kinders van die Here hulle nog daar bevind. In hierdie hoofstuk word hulle gewaarsku om uit Babilon uit te gaan. 'n Groot gedeelte van die volgelinge van Christus is nog in die kerke wat die Protestantse belydenis aanhang. Daar is duisende selfs in die Roomse kerk wat Christus volg na die beste van hulle kennis en die lig wat hulle het. Nieteenstaande die geestelike duisternis wat bestaan in die kerke wat Babilon uitmaak, word 'n aansienlike aantal ware volgelinge van Christus nog in hulle geledere gevind.

Fitch het in 1843 die proses om uit Babilon te gaan soos volg beskrywe: "Om uit Babilon uit te kom is om bekeer te word tot die ware Skriftuurlike leer van die persoonlike koms en koninkryk van God, om die waarheid oor die onderwerp met alle gewilligheid te aanvaar." Sedertdien is meer waarhede by die een kardinale waarheid gevoeg, nl. die Sabbat, die toestand van die dode, die heiligdom en die gawe van profesie. Sedertdien het die Protestantse kerke ook verder weggedryf van hul magsbasis - die Skrifte - en 'n flirtasie met Rome begin wat hulle as ontvangers van die sewe laaste plaë sal kwalifiseer.

Menigtes sal die boodskap ontvang en hulle voeg by die leërs van die hemel. Siele wat orals in die verskillende kerke was, het gehoor gegee aan die roepstem en die dierbares is haastig geneem uit die gedoemde kerke, net soos Lot haastig uit Sodom voor die verwoesting van daardie stad geneem is.

"Wanneer die krisis kom, sal baie bereid wees om die regte besluit te neem, selfs in die geval van formidabele struikelblokke wat in hul pad gelê word deur die misleidende wonderwerke van die Satan. Alhoewel hulle die waarheid sal bely en werkers van Christus word in die elfde uur, sal hulle dieselfde loon ontvang as diegene wat die hele dag gewerk het. Daar sal 'n leër standvastige werkers wees wat so ferm soos 'n rots deur die laaste toets sal staan." - *Review and Herald*, 24 Des. 1891.

As 'n resultaat van die meedeling van hierdie oordeelsuur waarskuwing aan die mensdom, deur boeke en boodskappe, op welke wyse ook al, begryp mense die kwessies in verskillende wêrelddele. Die wekroep is dringend: **Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.** - Openb. 18:4.

By die verstaan van hierdie waarheid sal 'n betekenisvolle aantal uitkom en met God se laaste-dae gebodonderhoudende volk vergader word. Hulle klou aan die geloof van Jesus vas en, deur Sy instaatstellende genade, onderhou die gebooe van God.

Niks kan duideliker wees as die feit dat as ons in Christus vertrou, in Sy sterkte al die gebooe van God - Sy Morele Kode van reg en verkeerd - gehoorsaam, sal ons nie die merk van die dier ontvang nie!!

As diensknegte van God, sal ons Sy seël ontvang (Openb. 7:3). Ons sal nie die merk van die dier op ons voorhoofde geskryf hê nie, maar die glansryke belofte dat die Vader se naam daar geskryf is. As deel van die finale oorblyfsel, sal ons onder diegene wees **met sy Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe geskrywe.** - Openb. 14:1.

Maar, tragies, as ons kies om mense eerder as God te gehoorsaam, dan sal ons met die aanbidders van die dier en sy beeld geklassifiseer word, en sal sy merk ontvang. Hierdie saak is baie duidelik.

Wat sal ons keuse wees?

DIE SEËL VAN GOD

So wat is hierdie seël wat op die voorhoofde van die gereddes geplaas word? "Dit is 'n merk wat engele, nie mense-oë nie, kan lees, want die doodsengel moet die merk van verlossing sien. Die intelligente verstand het die teken van die kruis op Golgota in die Here se aangenome seuns en dogters gesien. Die sonde van die oortreding van die wet van God is weggeneem. Hulle het die bruiufskleed aan en is gehoorsaam en getrou aan al God se gebooie." - *The Gospel Herald*, June 11, 1902. Die lewende regverdige sal die seël van God voor die sluiting van die genadedeur ontvang en dit sal hulle paspoort deur die hekke van die Heilige Stad wees (vgl. *Maranatha*, p.211 en *The SDA Bible Commentary*, vol. 7, p. 970).

DIE DIER BESKRYF SY MERK

Die dier, soos ons verskeie kere vantevore gesien het, verteenwoordig pouslike Rome of die Rooms-Katolieke sisteem. 'n Mens kan vermoed dat die merk van die dier met Sondagaanbidding te doen het, omdat die seël van God in die Sabbat te vinde is en omdat die gelowiges as diene wat die gebooie onderhou, beskryf word. Maar bo en behalwe hierdie duidelike Bybelse bewyse kan ons 'n positiewe identifikasie van die merk maak deur na Rooms-Katolieke woordvoerders te luister.

"Natuurlik, die Katolieke kerk maak daarop aanspraak dat die verandering haar daad was; dit kon nie anders wees nie, omdat niemand in daardie dae sou kon droom om enigiets in geestelike en kerklike en godsdienstige sake sonder haar te doen nie. **En die daad is 'n MERK van haar kerklike mag en gesag in godsdienstige sake.**" - Kardinaal Gibbons, 'n brief gedateer 7 Julie 1895.

Daar is geen plek in die Nuwe Testament waar dit uitdruklik verklaar word dat Christus die dag van aanbidding van Saterdag na Sondag verander het nie. Nogtans, alle Protestante, behalwe Sewendedagadventiste, onderhou die Sondag - Protestante volg Tradisie in die onderhouding van die Sondag." - *Our Sunday Visitor*, Junie 1950.

"Bewys vir my uit die Bybel alleen dat ek gebonde is om Sondag heilig te hou. Daar is geen so 'n gebod in die Bybel nie! Dit is 'n gebod van die heilige Katolieke kerk alleen. Die Bybel sê: *Gedenk die Sabbatdag*, dat jy dit heilig. Die Katolieke kerk sê: NEE. Deur my goddelike mag **Skaf Ek Die Sabbatdag Af** en beveel jou om die eerste dag van die week heilig te hou. En siedaar! Die hele beskaafde wêreld buig neer in eerbiedige gehoorsaamheid aan die gebod van die heilige Katolieke kerk." - Priester Thomas Enright: *The American Sentinel R.C. Journal*, Junie 1893, p173.

WANNEER SAL DIE MERK VAN DIE DIER GEGEE WORD?

Die werklike "wanneer" van die merk van die dier word in hierdie verklaring beantwoord: "Wanneer Sondag-onderhouding deur wetgewing afdwing sal word en die wêreld betreffende die verpligting van die ware Sabbat ingelig sal wees, dan wie ook al die bevel/gebod van God sal oortree, om 'n bevel/voorskrif van Rome te gehoorsaam, sal daardeur die Roomse godsdiens bo God eer. Hy betoon eer aan Rome, die mag wat die instelling wat deur Rome ingeseën is, afdwing. Soos mense dan die instelling wat God verklaar het om die teken van Sy gesag te wees verwerp en eer in sy plek dit wat Rome as die teken van haar oppergesag gekies het, sal hulle daardeur die teken van trou aan Rome aanvaar - 'die merk van die dier!' En dit is nie totdat hierdie kwessie duidelik aan die mense gestel is, en hulle daartoe gebring word om te kies tussen die gebooie van God en die gebooie van mense, dat diegene wat in oortreding [sonde] voortgaan die 'merk van die dier' sal ontvang." - *The Great Controversy*, p. 449.

GOD SE WEKROEP TOT JOU

Ons enigste veiligheid is om uit elke kerk te kom wat op tradisie gebaseer is, wat beelde in sy aanbidding gebruik, wat van die bedwelmd-makende drank gedrink het en wat steeds Sondag-aanbidding beoefen, wat in die onsterflikheid van die siel glo. God se wekroep is om uit te kom!

As jy nie gewillig is om 'n verandering in jou lewe te maak wanneer God die waarheid aan jou openbaar nie, sal jy nooit in staat wees om die waarheid te verstaan nie. As jy tevrede is waar jy is, as jy in jou standpunt vasgeanker is en sê: "Ek sal nooit 'n verandering maak nie", sal jy nooit God se waarheid ken soos jy behoort nie. As jou verstand toegesluit is vir toekomstige openbarings, word dit onmoontlik om werklik die waarheid te ken. Voor ons werklik kan weet wat God wil hê ons moet doen, moet daar diep in ons harte 'n gewilligheid wees om te sê: "Here, as dit 'n verandering behels om U waarheid te volg, gaan ek daardie verandering maak. Here, as dit 'n herrangskikking van my lewe beteken, maak U die verstelling, want ek wil U volg."

Vriend, dit is geen toeval dat jy hierdie boekie gelees het nie. Van die miljoene mense in die wêreld het die Gees van God jou by hierdie punt in jou lewe gebring om iets wonderliks aan jou te openbaar. Die Gees wil die glorieryke feit aan jou openbaar dat God 'n beweging [kerk] in hierdie laaste dae van die aarde se geskiedenis het. Wil jy nie besluit jy gaan deel wees van God se laaste dae beweging [kerk] wat in harmonie met die profesieë van die boek Openbaring tot stand gekom het nie?

Die Sewendedag Adventiste Kerk is die beweging met 'n eindtyd bestemming wat God in die boek Openbaring voorspel het. Dit is daardie beweging wat God self opgerig het. Dit het al die identifiserende kenmerke van die oorblyfsel kerk wat die Skrif beskryf.

Die boodskap van die drie engele roep die volgelinge van God op om uit Babilon te gaan en by die getroue en sigbare, eindtyd oorblyfsel volk van God aan te sluit (Openb. 18:4-5). Babilon is 'n simbool van die eindtyd-verbond van afvallige kerke [die Ekumeniese beweging] tesame met die korrupte politieke magte van die wêreld. Ja, daar is steeds 'n getroue oorblyfsel in Babilon wat die boodskap van die eindtyd moet verneem.

Die Gees van Profesie sê: "Baie het die perfekte ketting van waarheid in die drie engele se boodskappe gesien en hulle met blydskap in hulle volgorde

ontvang en Jesus deur geloof in die hemelse heiligdom in gevolg. Hierdie boodskappe is aan my as 'n anker vir die volk van God voorgestel. Diegene wat die boodskappe verstaan en ontvang sal bewaar word om deur die baie misleidings van Satan weggevee te word." - Ellen White: *Early Writings*, p. 256.

Ons moet kennis neem dat die kern van die drie engele se boodskappe, wat voor die Tweede Koms verkondig word, aanbidding is. So, die skrywer van Openbaring noem twee groepe aanbidders. Een groep aanbid Hom **wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het** en die ander groep aanbid die dier en sy beeld. Die een groep bewys gehoorsaamheid aan God en vervul Sy gebooie (Openb. 12:7; 14:12), die ander een het deel aan die vals godsdienste van geestelike Babilon (Openb. 17:2). Die een sal uiteindelik in God rus (Openb. 14:13), terwyl die ander een **dag en nag** geen rus sal hê nie (Openb. 14:11). Die drie engele se boodskappe wekroep elke gelowige om sy of haar posisie in hierdie groot stryd tussen goed en kwaad, tussen waarheid en leuen te kies.

Kom ons kyk weer eens na die frase **die uur van sy oordeel het gekom**. Die woord **oordeel** is uit die Griekse woord *krisis* vertaal. Hierdie woord beteken "proses van oordeel" (Openb. 16:7; 19:2), terwyl 'n ander Griekse woord *krima* "vonnis" of "beslissing" beteken. Ons lewe inderdaad in 'n tyd van krisis - ekonomiese krisis, energie krisis, finansiële krisis, voedsel krisis, ekologiese krisis, morele krisis, geestelike krisis, ensovoorts. Hulle is almal deel van vandag se lewe. Die tyd van die Tweede Koms is naby en bring daarmee saam die *krima*, die tyd vir die vonnis. *Om hierdie rede beskou ons dit as baie belangrik dat ons deelneem aan die verkondiging van die grootste boodskappe van die Heilige Skrifte. Dit is ons plig en voorreg - die kern van ons missie.*

Mag die Here jou ryklik seën by die bestudering van Sy Woord en by die lees van die boekie. Bid om die Heilige Gees se leiding in jou besluitneming.

Vader, ek glo U het 'n plan vir elke lewe. Ek glo U bring die waarheid tot my hart op die regte tyd, sodat ek daarop kan reageer om U in geloof te volg. Dwarsdeur die eeue van sonde het U 'n volk, 'n kerk gehad wat getrou aan U was. U het 'n oorblyfsel in hierdie laaste dae voordat Jesus kom en ek wil deel van U ware oorblyfsel kerk wees. Help my om my beslissing te maak om U te volg. Dankie Vader. Amen.


